Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-05-17

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025

Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"

Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het slegs 'n beperkte voorraad bestel en daar sal slegs van die volgende groottes beskikbaar wees:
4-5 jariges
5-6 jariges en
7-8 jariges
Ons wag nog vir die voorbeelde om aan te pas. Indien u belangstel, stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

SPRAAK en LUISTERVAARDIGHEDE

Ons vind dat hier geweldig baie uitvalle met spraak en luistervaardighede by ons kleuters voorkom. Die volgende aanhaling uit *SPEEL LEER SLIM* verduidelik baie goed die uitwerking van televisie, wat skermtyd insluit.

"Jy het dalk al gesien hoe 'n kleuter met sy oë wyd oop voor die televisie sit en "konsentreer". Na 'n rukkie sal jy sien hoe sy kakebeen verslap, sy mond oophang en as jy voor hom sou verbyloop hy bloot sal oorleun sodat hy steeds die skerm kan sien. Hy is in 'n ander wêreld! Leer hy egter iets daaruit?

'n Studie wat in 2004 in Seattle uitgevoer is deur die Journal of Paediatrics het meer as 2500 kinders jonger as 36 maande ondersoek. Daar is bevind dat vir elke uur wat 'n kind daagliks voor die televisie deurbring, die risiko vir aandagprobleme teen die ouderdom van sewe met 10% toegeneem het. Hierdie kinders sou na alle waarskynlikheid maklik verward raak, impulsief, rusteloos, of obsessief oor goed wees – simptome wat soortgelyk is aan aandagafleibaarheid.

Die Amerikaanse Akademie van Pediaters beveel aan dat kinders nie voor tweejarige ouderdom televisie moet kyk nie en dat kinders ouer as twee net een of twee uur per dag na opvoedkundige programme moet kyk.

Lang ure voor die televisie kan 'n kleuter se brein letterlik herbedraad. Wanneer jou kind TV kyk, omseil die brein die taal- en denkareas en is dit geneig om op inligting te reageer sonder om dit te verstaan. Dit raak onvermydelik die maatstaf waarvolgens jou kind inligting in die ware wêreld verwerk. Kinders van skoolgaande ouderdom luister dan sonder om te hoor of sien sonder om te verstaan. Dit lei tot ouditiewe en visuele prosseseringsprobleme".

KINDERKINETIKA

Ons kleuters moet asb tekkies of toe skoene aantrek op die dae wat hul Kinderkinetika het. Graad RR-kleuters het op Maandae kinderkinetika en graad R-kleuters op Woensdae. Die gras is soggens nat en dan gly die kleuters as hul oefeninge moet doen.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **MY LAND**

Ons persepsies gaan wees:
Getal: **6 en sesde**
Klank: **f-klankie**

Assesserings:
Onderskei tussen links en regs
Rangorde (eerste, tweede, ens.)
Integreer klanke en simbole

Maandag	20 Mei:	***Bring 'n uitgeknipte prentjie van 'n f-klankie, asb.***
Dinsdag	21 Mei:	Ons leer van ons land se nasionale simbole
Woensdag	22 Mei:	Leer tradisionele liedjies aan
Donderdag	23 Mei:	Leer die verskillende provinsies in Suid-Afrika aan
Vrydag	24 Mei:	Proe eg Suid-Afrikaanse disse ***Trek eg Suid-Afrikaans aan***

GRAAD RR-INLIGTING:

STIPTELIKHEID

Ons doen asb. weer 'n beroep op ouers om die kleuters soggens betyds af te laai. Ons dagprogram begin stiptelik om 08:00. Dit is baie ontwrigtend as kleuters laat kom.

Ons tema vir volgende week is: **VOËLS**

Ons persepsies is:
Kleur: **Bruin**
Vorm: **Hart**
Getal: **8**
Klank: **r-klankie**

Maandag	20 Mei:	Ons maak 'n eend
Dinsdag	21 Mei:	Ons verf 'n uil
Woensdag	22 Mei:	Ons verf 'n volstruis
Donderdag	23 Mei:	Ons teken voëls
Vrydag	24 Mei:	Ons maak 'n "bird feeder" Onthou skoolhempies en lekkertjiedag

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel